

**14 OKTOBER**

**SKRIFGEDEELTE: OPENBARING 4:1-11**  
**FOKUSGEDEELTE: OPENBARING 4:9-11**

**God op sy troon**

Wanneer mense die boek Openbaring lees, is die eerste waaroor hulle praat: die kragte van die Bose, die merk van die Bees (666) en Armageddon. Wanneer Johannes hom in Openbaring begin toespits op die toekomstige dinge, is die eerste wat hý sien: God op sy troon. As Jesus vir Johannes begin vertel wat nog gaan gebeur, begin Hy vertel van 'n erediens. Johannes sien die wonderlikste tonele van edelstene en kleure en ongewone gedaantes wat net een ding doen, hulle prys God. God weet dat daar nog skrikwekkende dinge gaan gebeur op hierdie aarde; daarom begin die openbaringe by die Troon van God en met 'n erediens. God word aanbid deur elkeen in die hemel en op aarde. Alles en almal onderwerp hulle spontaan aan God, nie omdat hulle moet nie, maar omdat Hy dit waardig is. Alles wat in Openbaring gaan volg, kan vreesaanjaend en oorweldigend wees. Maar God is groter as enigiets wat die wêreld op ons kan probeer afdwing. Niks en niemand het 'n verweer teen sy grootheid en mag nie.

Kyk wat doen hulle daar voor die troon! Hulle sing lofliedere, hulle aanbid – alle aandag is net op Hom en sy troon. Hoekom? Wanneer ons dit doen, Hom loof en prys en eer, is ons aandag nie toegespits op ons omstandighede en probleme, ons mislukkings en tragedieë nie. Ons gee ons volle aandag aan Hom wat ons in ons stryd en al ons worstelinge bystaan. God was nog altyd daar in die verlede, Hy is in die hede hier en Hy sal in die toekoms daar wees wanneer ons Hom nodig het. Hy sal ons nooit verlaat of alleen laat nie, selfs nie in ons donkerste oomblikke nie. Jy kan vandag in die verwagting leef dat Hy by jou is.

*Sing: Skrifberyming 1-2:1, 2, 3*

*Dr Etienne Schalekamp (Roodepoort)*